*Annette Marié Jordaan*

# NP van Wyk Louw en dr. J.C. (Chris) Neethling, miteskeppers binne die konteks van Afrikanernasionalisme en –intellektualisme

Abstract: *NP van Wyk Louw and Dr. J.C. (Chris) Neethling, myth makers within the context of Afrikaner nationalism and intellectualism*

*In the article the focus is on a small part of the poet Van Wyk Louw's life, namely, his friendship with his brother-in-law, Chris Neethling, to whom references are made in part one of the biography on Louw by J.C. Steyn (1998), as well as in the compilation of the letters between the brothers N.P. van Wyk and W.E.G. Louw, compiled by J.C. Kannemeyer et al in* Ek ken jou goed genoeg *(2004). Chris Neethling was a general (hoofgeneraal) in the "Ossewabrandwag" in the late 1930s and early 1940s. He was arrested in February 1942 and eventually interned in the Koffiefontein camp until the end of the Second World War. Exchanges between Neethling and Louw on the role to be played by nationalist Afrikaners during the World War II years, and their subsequent differences of opinion, cast an interesting light on the poet's viewpoint, but simultaneously demonstrates how "each individual story draws on a common culture" (Samuel & Thompson, 1990:2).*

## 1. Inleiding

In hierdie artikel word 'n bepaalde "hoek" van NP van Wyk Louw se lewe belig deur iets te vertel van die verbintenis tussen hom en dr. J.C. (Chris) Neethling.

Die naam Chris Neethling kom meer as eenmaal voor in J.C. Steyn se lewensverhaal van die digter, asook in Kannemeyer *et al* se "brieweboek", *Ek ken jou goed genoeg*.

Van Wyk Louw en Neethling se paaie het vir die eerste keer gekruis toe hulle in 1933 bure geword het in Kaapstad. Die verbintenis het egter voortgeduur, onder

meer omdat hulle vir ’n paar jaar lank ook swaers was (tussen April 1941, toe Van Wyk getroud is met Truida Pohl, tot 1945, toe Chris Neethling en Anna Pohl geskei is). Anna en Truida was die dogters van Pieter Pohl van Graaff-Reinet.

Hierdie vriendskapsband, maar ook sekere beduidende meningsverskille tussen Van Wyk Louw en Chris Neethling voor en tydens die stormagtige jare van die Tweede Wêreldoorlog, sal lig kan werp op die digter se standpunte rondom sake soos Afrikanernasionalisme in kontras met Afrikaner-“ekstremisme”, asook op sy siening van die bedrywighede van die Ossewabrandwag (en Stormjaers) in die laat dertiger- en vroeë veertigerjare van die vorige eeu.

In ’n brief op 25 Oktober 1941 raai Van Wyk Louw sy broer Gladstone aan om op goeie voet te bly met Chris en Anna Neethling, hoewel Gladstone — soos sy broer — polities van hulle verskil. Hy sê (soos aangehaal in Steyn, 1998:346):

> Dit is hoe Truida en ek met hulle maak; ons het vir Chris en Anna baie lief. En ook vir Chris se politieke eerlikheid en opregtheid het ek die hoogste agting; ek het meer as eenmaal al vir Truida gesê dat daar min mense is vir wie se morele houding ek dieselfde eerbied het — hy is die soort man wat jy tot die dood toe kan vertrou.

Maar wie presies wás Chris Neethling en waarom is daar besluit om in hierdie artikel op die vriendskapsband tussen hom en Van Wyk Louw te fokus?

Die geskiedskrywers Samuel & Thompson (1990:2) motiveer in hulle interessante samestelling van referate gelewer by ’n kongres oor orale geskiedenisoordrag, *The myths we live by*, die insluiting van “persoonlike narratiewe” binne die konteks van geskiedenisoordrag soos volg:

> As soon as we recognize the value of the subjective in individual testimonies, we challenge the accepted categories of history. We reintroduce the emotionality, the fears and fantasies carried by the metaphors of memory, which historians have been so anxious to write out of their formal accounts. And at the same time the individuality of each life story ceases to be an impediment to generalization, and becomes instead a vital document of the construction of consciousness, emphasizing both the variety of experience in any social group, and also how each individual story draws on a common culture; a defiance of the rigid categorization of private and public, just as of memory and reality…[1]

## 2. Die uitgangspunt rondom miteskepping

Sowel Van Wyk Louw as Neethling kan myns insiens beskou word as belangrike *miteskeppers* binne die konteks van Afrikanernasionalisme en -intellektualisme.

Die kernbetoog rondom die konsep “mite” in hierdie artikel is dat die mite gesien kan word as *’n waarheidskeppende en singewende narratief* en dus nie slegs — soos in die tweede betekenisaanduiding in die *HAT* van 1994 — “’n storie sonder grond” nie.

Verskeie prominente geesteswetenskaplikes se uitsprake ondersteun hierdie siening van die term. So byvoorbeeld beweer die bekende twintigste-eeuse mitoloog, Joseph Campbell (in Flowers, 1988:5): “Myths are stories of our search through the ages for truth, for meaning, for significance…”

Ook die skrywer Etienne Leroux laat hom soos volg uit oor die mite as sin-gewende narratief en bron van inspirasie:

> Aangespoor deur ’n lewende mite kan ’n hele volk tot fantastiese dade oorgaan; sonder ’n mite kan ’n volk alle belang in die lewe verloor en verdwyn. Dis kenmerkend van ’n mite, daardie emosionele aspek wat ’n enkeling of ’n hele volk kan laat verander… Die mens kan eerder sterf van honger, maar sonder sy mite kan hy nie klaarkom nie. (Leroux, in Kannemeyer, 1980:12)

Wanneer daar voorts na ‘miteskepping’ verwys word, word daarmee bedoel dat bepaalde mites in die vorm van verhale, vertellings of doelbewuste ‘konstruksies van die waarheid’ aan ander persone oorgedra word om daardeur bepaalde lojaliteite en waardes te help vestig.

In ’n vorige artikel (Jordaan, 2005) het ek van die standpunt uitgegaan dat miteskepping veral gerig is op die vestiging van ’n waardesisteem by jonger lede van die groep by wie die miteskepper hom/haar tuis voel of skaar. Hoewel die konsep van aparte groepe in die postmoderne globale samelewing om verskeie redes nie by almal meer gewild is nie, word daar tog in hierdie diskoers aangesluit by die siening van Calhoun (1994:9-10), wat hom soos volg uitlaat oor die konstruksie van identiteit:

> We know of no people without names, no languages or cultures in which some manner of distinction between self and other, we and they, are not made … Self-knowledge — always a construction no matter how much it feels like a discovery — is never altogether separable from claims to be known in specific ways by others.

(Vergelyk ook hier die konsep van “verbeelde gemeenskappe”, soos by Anderson,1991.)

’n Aspek van die miteskeppende diskoers in die eerste dekades ná die Anglo-Boereoorlog was die kwessie van Afrikanernasionalisme, wat egter nie ’n eenduidige gesprek was nie, en uiteraard verskillend deur verskillende mense of groepe gekonseptualiseer is.

Die bekende Afrikaanse skrywer, welsynwerker en denkevormer, M.E.R (1875–1975), sien nasionalisme nie as ’n verdelende en afbrekende mag nie, maar as ’n hoofsaaklik opheffende krag binne volksverband — ’n “volk aankant maak” — wat nooit ten doel het om “die ander” te na te kom nie. Daar is baie bewyse van hierdie siening by haar, soos onder meer blyk uit die biografie oor haar deur J.C. Steyn, *Die honderd jaar van M.E.R.* (2004). ’n Bepalende waarde in haar lewe is dié van “ewemenslikheid” en sy som dit teen die einde van haar lewe

soos volg op: "Liefde vir die ewemens; liefde van die ewemens. Ja, daarin lê die onsterflike …" (M.E.R. 1972:288) Die afleiding is myns insiens dat waardes soos ewemenslikheid sinvolheid en betekenis toevoeg tot die lewe van indiwidue en groepe wat dié waardes nastreef — en binne die konteks van hierdie diskoers dus bydra tot positiewe miteskepping.

Oor Van Wyk Louw se siening rondom Afrikanernasionalisme is daar al baie geskryf. In sy bundel beskouings oor Van Wyk Louw se werk, *Swewende ewewig*, wy F.I.J. van Rensburg (1975:51-66) byvoorbeeld 'n essay aan "die nasionalisme as voedingsbron" by Van Wyk Louw. Daar word gewys op die feit dat die nasionalisme van meet af aan 'n sterk faktor in die werk van Van Wyk Louw was. Die aard van die begrip soos dit by die digter gestalte vind, word egter krities ontleed. Van Rensburg wys daarop dat daar in sommige kringe beweer is dat "die nasionalisme in Van Wyk Louw se werk hoogstens 'n *taal*nasionalisme is" (52). Ander beskryf dit as 'n "kulturele nasionalisme" (53). Van Rensburg meen egter dat die "Afrikanervolk" as unieke groep wel "as onmiskenbare *tema* in sy werk aan die orde (is)" (54). Die digter het sy eie siening van nasionalisme (en by implikasie van *Afrikaner*nasionalisme, omdat dit die groep is tot wie hy hom deurgaans eksplisiet verbind) reeds vroeg in sy loopbaan soos volg verwoord:

> [Die nasionale gevoel in die poësie] sluit die politiek nie uit nie, maar sluit ook baie meer as die politiek in. Dit is 'n vurige meeleef met alles wat in die volk omgaan; dis 'n liefde vir die dinge wat die volk trotser en bewuster maak […]; dis medelye met sy swaarkry en stryd teen dié wat hom laat swaarkry… (Aangehaal in Van Rensburg, 1975:55)

Dat Van Wyk Louw sy gehegtheid aan die Afrikanervolk tot aan die einde van sy lewe behou het, word ook duidelik uit die woorde wat hy 'n paar maande voor sy dood in *Rondom eie werk* geskryf het:

> " [J]y het jou in één, kort lewe aan dié volkie onherroeplik verbind, ja, verknog…" (Aangehaal in Van Rensburg, 1975:66)

Ook Neethling het, soos verderaan in die artikel behoort te blyk, sy hele lewe grootliks aan die Afrikanervolk "verknog". Myns insiens het sowel Van Wyk Louw as Neethling dus Afrikanernasionalisme as "mitiese konsep" nagestreef , maar uiteindelik was daar verskille in hulle uitlewing van dié nasionalistiese strewes. Hierdie verskillende sienings by albei van hoe Afrikanernasionalisme as konsep uitgeleef behoort te word, is die hooffokus van die artikel.

## 3. N.P. van Wyk Louw en Chris Neethling: biografiese gegewens en die impak van die vormingsjare

Vir 'n biografiese oorsig oor die lewe van N.P. van Wyk Louw word daar gewys op J.C. Steyn (1998 en 1999) se lewensverhaal van die digter in twee dele.

Hier word dus slegs dié feite omtrent die digter se biografiese agtergrond belig waardeur ooreenkomste of verskille met dié van Chris Neethling uitgewys kan word as grondslag vir die bespreking van hul verskille in mening oor die uitleef van Afrikanernasionalisme.

Van Wyk Louw is ses jaar na die Anglo-Boereoorlog in Sutherland in die Kaapkolonie gebore in 'n streek waar Afrikaans nog byna heeltemal "ongerep en skoon" was, en waar die invloed van Engels op die spreektaal feitlik nie bestaan het nie (Steyn, 1998:11). Louw se vader, Moltke Louw, was 'n vooraanstaande prokureur op die dorp en van huis uit 'n ondersteuner van die Suid-Afrikaanse Party (SAP). In 1923, na die Louws se verhuising na Kaapstad , was Moltke die SAP-kandidaat vir Ceres in die Kaaplandse provinsiale verkiesing, waarin hy egter met 266 stemme verloor het teen die NP-kandidaat (Steyn, 1998:47-48).

Chris Neethling is op 21 Februarie 1900 in Pretoria gebore. Sy vader, Johan Diederick (Jan), het 'n oudstryderspensioen van die Zuid-Afrikaansche Republiek ontvang nadat hy in die Eerste Vryheidsoorlog gewond is; hy het hierna sy plaas in die Oos-Transvaal verlaat (verkoop?) en Pretoria toe getrek (miskien ook gedeeltelik, soos Moltke se trek Kaapstad toe, ter wille van die kinders se studies). Hy kon dus nie deelneem aan die Tweede Vryheidsoorlog nie, en is onder huisarres geplaas ná die Britse inname van Pretoria. Neethling se moeder, Erdmuthe Schmidt, was van Duitse afkoms.

Neethling het van kleins af sentimente leer ken wat fel anti-Brits en pro-Afrikaner en in 'n mate pro-Duits was. Hy het later jare vertel dat hy as 14-jarige tydens die eerste rebellie gehelp het om briewe oor te skryf wat Jopie Fourie die aand voor sy teregstelling uit die gevangenis onder meer aan die eerste minister, Louis Botha, geskryf het. Die doel was om die briewe onder ander rebellie-gesindes deur die land te versprei. Hierdie faktore sou ongetwyfeld bygedra het tot die vestiging van 'n sterk Afrikanernasionalistiese (en anti-Britse) gevoel by die jong Neethling en binne hierdie diskoers dus tot positiewe miteskepping rondom sy afkoms en die volk tot wie hy behoort.

Van Wyk Louw en Chris Neethling het albei hulle skoolopleiding hoofsaaklik in Engels ontvang; in die digter se geval was dit nog die voertaal in 1911 toe hy skool toe is, hoewel Afrikaans ná 1914, onder andere op inisiatief van Langenhoven, in die Kaaplandse onderwysstelsel ingevoer is vir kinders met Afrikaans as moedertaal.

In Neethling se geval was daar geen keuse nie. Hy het sy laerskoolopleiding aan die Engelstalige Brooklyn Primary ontvang, en sy hoërskoolloopbaan in 1918 afgesluit aan Pretoria Boys' High. Eers twee jaar later, in 1920, het die eerste Afrikaanse hoërskool in die huis van generaal Piet Joubert beslag gekry; later sou dié skool in twee skole verdeel word: die Afrikaanse Hoër Meisie- en Afrikaanse Hoër Seunskool.

Moltke Louw was die persoon wat in die Sutherlandse skoolraad voorgestel het dat Afrikaans aan Engels gelyk gestel word in die onderrig. Van Wyk Louw se vader was dus wel Afrikaansgesind, en daar was waarskynlik ook familielede en vriende in die Sutherland-distrik wat bygedra het tot die vaslegging van sy Afrikanerlojaliteite en sy positiewe gevoel teenoor Afrikaans, en waarna dus binne hierdie diskoers ook verwys sou kon word as positiewe miteskepping rondom die volk en taal. Dit is bes moontlik ook die rede vir die weerstand teen verengelsing, ten spyte van die Engelse skoling. Van Wyk Louw vertel immers as ouer man van sy "bekering tot Afrikaans"**,** waarskynlik in sy matriekjaar in 1922 in die South African College School in Kaapstad (Steyn, 1998:40).

In Chris Neethling se geval, hoewel sy skoling nog meer eentalig Engels was as Van Wyk Louw s'n, het die "bekering" tot Afrikaans skynbaar van sy geboortedag af begin. Die redes hiervoor was waarskynlik die fel anti-Britse gevoelens in 1900 — sy geboortejaar — in die Boererepublieke, en dus ook in Pretoria waar hy gebore is. Hierdie sentimente is sekerlik versterk deur die nagevolge van die Tweede Vryheidsoorlog vir baie Afrikaners, asook deur die gebeure tydens die 1914-rebellie.

Neethling het sy B- en M-graad aan die destydse Transvaalse Universiteitskollege (nou die Universiteit van Pretoria) verwerf, en daarna met 'n beurs en lenings van sy ouer broers na Amerika vertrek vir sy PhD-studie in die landbou-ekonomie aan die Cornell-universiteit in Ithaca. 'n Aanbevelingsbrief na afhandeling van sy studie, geskryf deur sy professor, James E. Boyle, en gedateer 8 Maart 1928, beskryf hom soos volg:

> I believe Mr. Neethling has always ranked with the highest five per cent in all his different classes. He is a man of thorough integrity and tremendous industry. He has balance, poise and good judgment. He also has initiative and originality…"

Die samevattende uitspraak van die professor lui: "He is a prince of a fellow…"

Uit hierdie paar opmerkings kan afgelei word dat Chris Neethling, soos Van Wyk Louw, 'n intelligente mens was en iemand wat eweneens gekenmerk is deur 'n eienskap wat, by gebrek aan 'n beter omskrywing, "geestelike adel" genoem kan word. Sy idealisme, maar ook sy besinnende nadenke oor die plek van Suid-Afrika binne die groter wêreld, word goed geïllusteer in enkele aanhalings hierna uit briewe aan sy moeder. Hierdie briewe is gerig aan "liefste Moedertjie" en is geskryf in die laaste dae in Ithaca en tydens 'n Europese reis wat hy onderneem het voor sy terugkeer na Suid-Afrika. Die briewe het ná sy moeder se dood weer in sy besit gekom. (Interessant is dat daar min Nederlandse of Engelse uitdrukkings in die briewe voorkom, hoewel hulle maar drie jaar na die ampstaalwording van Afrikaans en nog voor die 1933- Afrikaanse Bybelvertaling geskryf is.)

27 Maart 1928: Ithaca

> Van vroeg vanmore is ek al besig om vaarwel te sê aan ’n baie groter vriendekring as wat ek ooit in Pretoria gehad het. Die vaarwel sê is nie lekker nie, veral was dit nie lekker toe ek noudie aand my beste vriendinnetjie gegroet het nie. Maar dis verby en die verlede moet die verlede bly. Laat ons vorentoe kyk… Vorentoe? Wat lê daar voor? Baie werk? Waarskynlik. Geluk? Miskien ’n bietjie. Maar wat is geluk? Niks anders as die satisfaksie dat jy iets gedoen het wat die moeite werd is […] Ek verwag nie om met een dag iets groots te doen nie maar as ek maar op die end van my lewe kan sê ek het darem nie verniet gelewe nie dan sal ek tevrede wees.

28 Maart : New York

> […] NY is hard en koud — daar is niks wat ideale so verpletter as ’n dag in NY nie. Almal hardloop, almal stoot jou uit die pad, stamp jou. Jy ontsien man, vrou nog kind. Dis ’n stad wat die wilde natuur van selfbehoud meer uitbring as enig ander plek. As iemand kreupel of vermink is, trap hom dan dood want jy kan nie hulp van hom verwag nie. Nee wat, in NY kan ek nie leef nie.

In die volgende twee inskrywings is dit interessant dat genoemde pro-Duitse en anti-Engelse gesindhede uit die jongdae nie konsekwent voorkom nie; die Duitsers het foute en die Engelse kan soms goed ook wees.

12 April: Londen

> Ek het gister oggend op die vrugtemark van Londen, Covent Garden, rondgeloop. Daar het sowat 60 000 kissies SA vrugte die week aangekom […] Een indruk wat ek gekry het is dat die SA boer billik behandel word […] Die Engelse besigheidsman het een karaktertrek wat hom populêr maak onder alle nasies. Hy is eerlik. Hy probeer nie op agterbakse wyse geld uit sy klant slaan nie…

14 April

> Moeder, ek het nooit geweet dat ek ’n verdediger van die Amerikaner sou word nie maar ek is herhaaldelik in gesprekke met ander boere uitgelok deur die kleinsielige aanvalle op die Amerikaner. Die Duitser viral is hatig op die Verenigde State — en tereg ook — maar met tiepiese Duitse engheid val hulle die Amerikaner aan op elke punt. Wat my verbaas is dat hulle reggekry het om ons Afrikaners, wat tog as ’n reël vir hulle self dink, met hulle kleinheid te besiel.

Word die Engelse egter uitgemaak as helde in die oorlog teen die Boere, kook die “boerebloed” weer oor:

15 April

> Ek het die beroemde ou St Paul besoek. Een van die dinge wat Engelse trots op is […] Ek is ook af in die grafkelder waar al die beroemde Engelse ’n grafsteen het maar daar het ek my net vererg. Daar is ’n grafsteen vir die helde wat hulle lewe gegee het vir reg en geregtigheid ens ens gedurende die oorlog teen die boere. Dit was genoeg om my boerebloed weer te laat kook.

Dat die Amerika-studie en die reiservarings daarna verruimend was, is nie te betwyfel nie, en dit het ook meegebring dat die eie konteks daardeur gerelativeer is. In die laaste inskrywing voor die tuiskoms word hieroor besin:

> 8 Junie
>
> My reis het my baie geleer, het by my nuwe beelde opgeroep, het my laat besef hoe min ek weet, hoe baie ek moet leer […] Ek het deur my reise iets geleer van die verhouding tussen SA en die ander dele van die wêreld. Solang ons in ons eie land is oorskat ons sy belangrikheid soos ons ook ons self oorskat. Dis eers wanneer jy sien dat jou land darem nie die enigste is wat jy hom werklik op prys stel. Ek is trots op ons landjie, ek is trots om Afrikaner te wees, maar ek weet dat dit nie aan SA sal afhang of die wêreld sal vergaan of nie.

Met die studie afgehandel en met ywer vir sy loopbaan as landboukundige, keer Chris dus terug en begin hy in die landboudepartement in Pretoria werk. Twee jaar later trou hy met Anna Pohl en die volgende jaar word hulle dogter Linda gebore. Dit lyk asof hy aan die begin staan van ’n “gewone lewe” as staatsamptenaar, eggenoot en vader. Bowendien, soos uit die aanhalings uit sy reisbriewe blyk, is daar nog geen tekens van ekstreme nasionalisme nie. Daar is wel ’n ruim blik op die wêreld en idealisme ten opsigte van die lewensroeping en die Afrikanerskap.

## 4. Die dertiger- en vroeë veertigerjare en die Ossewabrandwag

Die dertigerjare breek egter aan en verskeie lewens word in die volgende dekade en langer in rigtings gestuur wat nie vooraf voorsien is nie. Naas die opkoms van nasionaal-sosialisme in Duitsland met Hitler se toenemende prominensie, is dit ’n tyd van Afrikanerverdeeldheid en die “samesmelting”, waarna Hertzog premier en Smuts adjunk word. Dié tydperk word ook veral in die noorde van die land gekenmerk deur ’n meer militante vorm van Afrikanernasionalisme in die sogenaamde “gesuiwerde” Nasionale Party. Sentrale Afrikaner-diskoerse gedurende hierdie tydperk en ook die miteskeppende rol van die simboliese ossewatrek in 1938 (die honderdjarige herdenking van die begin van die Groot Trek) en die oprigting van die Ossewabrandwag as uitvloeisel daarvan, vorm alles deel van dié konteks.

Steyn (1980:219-221) beskryf die impak van die simboliese trek onder meer soos volg:

> Op plekke het mense die waens gesoen en in trane uitgebars, blindes het die waens van voor tot agter op elke plekkie bevoel, siekes en kreupeles is van hul bedde uitgedra om die waens ook te kan sien […] Orals in die land is name van strate, parke en tuine verander na die name van Voortrekkers, geskiedkundige gebeurtenisse en plekke.

Die nasionale oplewing wat deur die simboliese trek teweeggebring is, het ná Desember 1938 voortgeduur. Afrikanerleiers het die moontlikheid gesien om dié nasionalistiese gees te bestendig, en op 4 Februarie is die Ossewa-Brandwag (die

O.B.) amptelik in Bloemfontein gestig. Lede is beëdig met ’n eed “om nie te rus voor die vryheid van die Afrikanervolk herwin is nie” (Steyn, 1980:222). Van die impak van die O.B. beweer Steyn voorts dat dit “die verbeelding van tienduisende Afrikaners aangegryp (het). Afrikaners wat deur politieke twiste verdeel was, en deur die Ossewatrek nader aan mekaar gebring is, het mekaar in die O.B. weer gevind.” (Steyn, 1980:223) M.E.R. het in ’n brief (Bouwer *et al*, 1977:68) na die O.B. verwys as “een van die beste en mooiste dinge wat nog aan ons volk gebeur het.”

D.J. van Rooy (1953:47-51) skets, in ’n publikasie van die Bond van oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes, die ontstaan en ideale van die O.B. kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog soos volg:

> Aan ’n verdeelde Europa het Duitsland [in die loop van die dertigerjare — AMJ] die hoof begin bied. Al duideliker het dit begin word dat ’n uitbarsting aanstaande was. Sou Suid-Afrika weer ingesleep word en met watter gevolge? […] sou ons hierdie keer ten minste ’n poging aanwend om ons met die oog op gebeurlikhede te organiseer? Oorweginge van hierdie aard het ongetwyfeld tot die ontstaan van die Ossewabrandwag bygedra; ook wel tot die vorm wat die organisasie uiteindelik aangeneem het. […] Die O.B. is van Duitsgesindheid beskuldig. Daarin het die O.B. nie alleen gestaan nie: dit was die aanklag teen elke nasionaalgesinde. Daar was egter nie soveel liefde vir Duitsland nie as gebrek aan liefde vir Engeland en sy saak. Nasionaal en anti-empire was sinoniem.

Van Rooy wys voorts daarop dat die feit dat lede binne die O.B. ’n aparte, geheime organisasie, die Stormjaers, gestig het (wat “begin doen het wat hul hand vind om te doen en ongetwyfeld aan die Regering van die dag oorgenoeg hoofbrekens besorg het” — Van Rooy, 1953:49) aan die O.B. ’n mate van afbreuk gedoen het omdat die optrede van die Stormjaers “die hande gesterk het van diegene wat aan die ‘konstitusionele weg’ [naamlik die partypolitiek — AMJ] voorkeur gegee het.” (Van Rooy, 1953:50)

Die volgende is uittreksels uit ’n ongepubliseerde referaat van Cas Bakkes (2001) waarin hy die O.B. se werkwyse gedurende die oorlogsjare asook die oogmerke van dié organisasie en sy jeugvleuel, die sogenaamde Penkopkommando, soos volg uiteensit (Bakkes, 2001:3-18):

> Na die vorming van die Penkopkommando het Chris Neethling my benoem as rapportganger [boodskapdraer — AMJ] op sy staf en hoewel ek geen ordergroep (offisiersvergadering) saam met die volwassenes bygewoon het nie, het hy my in sy vertroue geneem en opdragte gegee om uit te voer. Genl. Neethling het my daarop voorberei dat ’n staatsgreep (’n Putch) teen die bewind van genl. Jan Smuts in die mou gevoer word en het dit soos volg gemotiveer: […] die Afrikaner moet ’n Republiek in Suid-Afrika uitroep voordat Duitsland die oorwinning behaal. Wat voorkom moet word, is dat die Union Jack in S.A. vervang word met die Hakekruis. Ons moet as ’n onafhanklike Republiek met Duitsland in onderhandeling tree en daar sal moet aanvaar word dat ons uit Suidwes-Afrika sal moet onttrek.

> […] Ons was as Afrikaners nie soseer pro-Duits nie, maar wel fel anti-Engels en hewig gekant teen die Britse Empire waarvan ons geen deel wou uitmaak nie. Die embleem van die O.B. was 'n arend met gespreide vleuels wat sit op 'n wawiel met in die onderste helfte van die wiel 'n ossewa met die silhoeët van Majuba in die agtergrond (my kursivering — AMJ).[2]

Teen die laat-dertigerjare het Chris Neethling en Van Wyk Louw nie meer die uitlewing van hulle Afrikanernasionalisme eenders gesien nie, soos uit die hieropvolgende bespreking behoort te blyk. Daar word dus nou gefokus op beide se sienings rondom hulle taak as Afrikaners in dié tydperk.

## 4.1 Van Wyk Louw in die dertigerjare

Die dertigerjare is die jare waarin NP Van Wyk Louw se digterstem die eerste keer in die Afrikaanse literatuurwêreld opklink met *Alleenspraak* (1935), jare waartydens hy onder meer werk aan *Die halwe kring* en *Die dieper reg*; ook aan sy die belangrike eerste prosawerke, naamlik *Berigte te velde* en *Lojale verset*.

Hy is in dié tyd dosent in onderwysfilosofie in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Kaapstadse universiteit. Briefwisseling tussen hom en sy broer Gladstone (W.E.G. Louw), wat in Amsterdam is vir doktorale studie in die letterkunde, gee onmiskenbare blyke van 'n dringende begeerte om, soos Kannemeyer (2004:12) dit in 'n neutedop saamvat "met hul poësie en betogende prosa 'n nuwe wêreld van die gees in hulle eie taal te skep". Dit sou impliseer dat hulle die politieke onderdanigheid van die Afrikaner asook die Engelse kultuur moes beveg wat met sy imperialisme die Afrikaanse bedreig het. Spanninge tussen Noord en Suid het egter ook in die gesprekke ter sprake gekom.

In 'n brief in September 1938 maak Van Wyk Louw die stelling dat hy nou besef "dat ons alleen deur die diepste trou aan die egtheid en skoonheid van die kuns ons volk kan dien" (Kannemeyer, 2004:242). En dié volk, beweer hy, is nie noodwendig "werklike mense" nie, maar "'n mistieke en geestelike wese". Sy uitgesproke begeerte is dus om sy volk te "dien" deur sy kuns, en aan dié kuns stel hy die voorwaardes van "egtheid" en "skoonheid".

## 4.2 Chris Neethling in die (laat-)dertigerjare en vroeë veertigerjare

Chris Neethling het ook in die laat-dertigerjare en veral in die eerste jare na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en Smuts se besluit tot deelname daaraan, die begeerte gehad om sy volk te dien, maar sy begeerte sou op meer militante wyse uitgeleef word, aanvanklik binne die O.B., maar later ook as Stormjaer.

Sy rang in die Ossewabrandwag in 1939 was dié van hoof-generaal van Noord-Transvaal. Die geskiedkundige, Cas Bakkes (gebore op 3 November 1925), het as jong seun in die oorlogjare 'n baie groot heldeverering vir Chris Neethling gehad. Bakkes het sy eie vader verloor toe hy nog nie 'n jaar oud was nie, en het dus tot 'n mate ook vaderlike leiding by Neethling gevind (persoonlike mededeling deur Bakkes).

Daar is talle voorbeelde in Bakkes se twee ongepubliseerde *Penkopjoernale*[3] van die groot invloed van Chris Neethling in sy en ander jong seuns (die sogenaamde “penkopkommando”) se lewens, waardeur hulle ywer vir die ideaal van ’n onafhanklike Afrikanerrepubliek ná afloop van die oorlog in Europa aangevuur is.

In ’n inskrywing in die joernaal, gedateer 11 Julie 1945, vertel Bakkes hoedat hy, na ’n telefoonoproep van “die rooibaard — leeu en held van my jeug”, Chris Neethling in die Koffiehuis in Pretoria ontmoet het na laasgenoemde se ontslag teen die einde van die oorlog uit die Koffiefontein-interneringskamp:

> Sy hare was nog roesrooi, sy oë was nog net so skerp blou soos tevore. Dit was vir my asof ek iets wilds, iets van ’n marteling wat hy nie kon verstaan nie daarin wou lees […] hy het begin praat: “Ek het 40 maande, waarvan 13 in ’n sel en die res in ’n kamp, kans gehad om te dink en ek het ook gedink. En nou dat dit alles verby is, voel ek suiwerder en sterker. Die uiteindelike konklusie waartoe ek geraak het, is dat my saak reg is.”

Dit is myns insiens dié volgehoue geloof in die “eie saak” (in hierdie geval die ideaal van ’n onafhanklike Afrikanerrepubliek ten alle koste) waarna Leroux (in Kannemeyer, 1980:12) onder meer verwys wanneer hy ’n “lewende mite” soos volg beskryf:

> Aangespoor deur ’n lewende mite kan ’n hele volk tot fantastiese dade oorgaan; sonder ’n mite kan ’n volk alle belang in die lewe verloor en verdwyn. Dis kenmerkend van ’n mite, daardie emosionele aspek wat ’n enkeling of ’n hele volk kan laat verander… Die mens kan eerder sterf van honger, maar sonder sy mite kan hy nie klaarkom nie.

## 5. Die wisselwerking tussen Van Wyk Louw en Chris Neethling: die digter se uitsprake oor Chris, en die verskille in standpunt

Die wisselwerking tussen Van Wyk Louw en Chris Neethling begin, soos reeds genoem, in die vroeë dertigerjare. Ek haal enkele verwysings uit Steyn en Kannemeyer en ander aan.

### 5.1 Eerste kennismaking en “swaerskap”

In 1933 word die Neethlings, Chris en Anna, bure van die Louws (Van Wyk en Joan, Louw se eerste vrou) in hulle huis in Vredehoek. Die Louws was bly oor die Afrikaanse bure, en het gaan kennis maak. Steyn (1998:115) beskryf dit soos volg:

> So het Louw se kennismaking begin met die formidabele familie Pohl, want die nuwe mense was die 33-jarige dr. Chris Neethling en sy byna sewe jaar jongere eggenote Anna […] Dr. Neethling is in 1930 aangestel as sekretaris van die Koringraad en was ’n tyd lank op Malmesbury voordat hulle in 1933 na Kaapstad verhuis het.

Dit was by die Neethlings dat Van Wyk Louw Truida ontmoet het. Die Neethlings is terug Pretoria toe, maar die vriendskap het voortgeduur — natuurlik ook vanweë Louw en Truida se verhouding en latere huwelik. In Februarie 1939, terwyl Truida in die Transvaal met vakansie by haar susters is, skryf Van Wyk Louw aan haar per adres Dr. J.C. Neethling, Pretoria (Steyn, 1998:258).

### 5.2 Vroeë uitsprake van Louw oor Chris Neethling

Louw kla in 'n brief (gedateer 22 Julie 1939) teenoor sy broer Gladstone oor die gebrek aan 'n intellektuele Afrikaanse kring in Kaapstad vir jong mense soos Arnold van Wyk of Uys Krige, maar sê: "In Pretoria is die Neethlings seker so 'n kring waarin 'n jong en intelligente Afrikaner omgang kan vind sonder verveling." (Steyn, 1998:262)

In Julie 1939 was Neethling — wat toe reeds weer in Pretoria in die landboudepartement werksaam was — in die Kaap besig met 'n ondersoek na die koringbedryf, en het Van Wyk en sy "gewese buurman" gesels oor "'n aktivistiese beweging" (in die Noorde) wat dadelik met geweld 'n republiek wou kry. Neethling het selfs gesê dat, as die republiek nie na tien jaar verkry word nie, hy liewer saam met sy kind na 'n ander land wil gaan. Van Wyk Louw se kommentaar hierop in sy brief aan Gladstone (aangehaal in Steyn, 1998:264) is:

> Dit kom my aanmekaar voor asof hulle nie die toestande in SA raaksien nie, of deur *'n glas van hulle eie wense* sien.[4] Ek glo nie aan die moontlikheid van 'n gewapende opstand of revolusie met 'n paar duisend nie. […] Verder lyk dit my asof hulle die temperatuur onder ons mense gans en al oorskat. In Kaapland altans is daar feitelik geen mens wat nou daarna voel om die wapen op te neem nie… (My kursivering — AMJ.)

Van Wyk Louw en sy swaer het egter ook by dieselfde geleentheid gepraat oor die werk wat hulle (die Neethlings en ander) met die Volksteater in Pretoria doen. Hieroor was Louw positief en hy skryf vir Gladstone dat dit "die 'klein soort stukwerk' is waarvan ons baie in SA moet doen voordat ons 'n nasie is" (Steyn, 1998:264). Dié uitspraak is 'n goeie voorbeeld van die waarde wat Louw geheg het aan die bydrae van die kulturele lewe tot die ontwikkeling van die nasionalisme.

### 5.3 "Ek is by niks ingelyf nie…"

In 1941 bly Louw en Truida op pad na die Krugerwildtuin 'n paar dae by die Neethlings in Pretoria oor. Steyn (1998:345) vertel só oor dié besoek:

> Dit is met hierdie besoek dat hulle 'n idee kon kry van die lughartige en amateuragtige wyse waarop die meeste van die destydse versetaksies teen die regering beplan is. Een aand is hulle almal aan die huis van 'n professor waar 'n groepie mense byeengekom het wat blykbaar betrokke was by die beplanning van ondermynende bedrywighede. Eers het hulle Louw eenkant toe geneem en gesê hulle is besig met die beplanning van 'n staatsgreep. Hy sal op 'n gegewe moment kennis kry en moet dan op die plek waar die Laan in Adderleystraat in Kaapstad begin, met 'n geweer gaan staan

> waarna ander mense by hom gaan aansluit. Louw het hulle eers sprakeloos aangestaar en toe gesê: "Mense, maar julle is volkome waansinnig! Dit klink soos seuns wat cowboys en Indians speel!" Een van die mans sê toe vir Chris Neethling: "Maar ek dag dan die man is ingelyf?" Toe sê Louw: "Ek is by niks ingelyf nie, by niks! Vertrou my nié!" […] Later het hy en Truida baie gelag oor die hele gedagte dat hy êrens in Kaapstad aangestap sal kom met 'n geweer oor die skouer!

Uit hierdie gebeure blyk baie duidelik dat Louw geensins meegegaan het met mense soos sy "noordelike swaer" se militante optredes nie.

## 5.4 Louw se uitspraak rondom "nasionale Afrikaners"

In 1942 skryf Van Wyk Louw nietemin aan sy broer dat hy homself gaan dissiplineer om nie bitsig te praat teen enige nasionale Afrikaner nie, van watter kleur ookal. Hy voeg by dat nasionaal vir hom beteken iemand wat Afrikaans in sy huis, in sy kinders se opvoeding en in sy skryftaal bly (Steyn, 1988:344). Hierdie uitspraak is belangrik in die lig van die jong Louw se houding teenoor die kleuraspek binne die konteks van nasionalisme. (Neethling het hom nie in een van die geskrewe bronne uitgespreek oor die kleuraspek binne Afrikanernasionalisme nie, maar op grond van persoonlike kennis kan gemeld word dat die waarde van "ewemenslikheid" waarna M.E.R. verwys — sien punt 2 hierbo — baie sterk gefigureer het in sy lewe en dat hy alle mense met respek behandel het.)

Steyn voeg by dat, soos die meeste "nasionale Afrikaners", Louw daarvan oortuig was dat die regering die Afrikaanse kultuur vyandiggesind was. Dit is bevestig toe soldate byvoorbeeld in 1941 aanvalle gedoen het op Afrikaanse persgeboue in Johannesburg en groot skade aangerig het, asook toe talle Afrikaanse boeke oor die Anglo-Boereoorlog verbied is (Steyn, 1998:344). Die regering het waarskynlik teen die Afrikaanse pers opgetree omdat daar deur sommige joernaliste en dagblaaie simpatie getoon is vir diegene wat teen Smuts se deelname aan die oorlog gekant was. Om dieselfde rede is boeke oor Britse onregte tydens die Anglo-Boereoorlog verbied: sulke boeke kon immers anti-Britse gevoelens onder Afrikaners verder aanwakker.

## 5.5 Chris Neethling se inhegtenisname en internering by Koffiefontein

Chris Neethling was generaal in die Ossewabrandwag toe daar 'n omsendbrief in die staatsdiens gesirkuleer is wat staatsamptenare verbied het om langer lid te bly van dié organisasie. Baie — en so ook Neethling — het ondergronds voortgegaan met bedrywighede. Die militante vleuel was, soos gesê, bekend as die Stormjaers.

Op 14 Februarie1942 — presies een week voor sy 42ste verjaardag — word Neethling in hegtenis geneem en hy en ander lede van die Stormjaers aangehou op 'n klag van hoogverraad. Die verhoor van die 52 aangeklaagdes vind plaas op 7 Oktober 1942. 'n Groep pleit onskuldig, terwyl 'n dertigtal, onder wie Chris Neethling, "weier om te pleit".

Hierna word Neethling na die Koffiefontein-interneringskamp gestuur vir die duur van die oorlog. Tydens die kampjare skryf hy aan sy dogter, Linda, briefies oor die verskillende voëltjies wat hulle in die kamp dophou en mak maak. Dié briewe is later as ’n boekie gepubliseer met die titel *Vreemde vriendjies*.

Kowie (J.F.) Marais, later regter en vriend van N.P. van Wyk Louw, was ’n mede-aangehoudene. Hy vertel hoe groot die inspirasie vir die geïnterneerdes was wat uitgegaan het van die poësie van Van Wyk Louw. Hulle het in die kamp gedigte soos “Gedagtes, liedere en gebede van ’n soldaat” beter leer ken as die patriotiese verse van die ouer digters. Hierdie gedigte het volgens hom “slagspreuke van die idealiste geword, ofskoon die onmiddellike verband wat dit in die oorlogsjare met werklike geweldpleging gekry het, natuurlik afwesig was toe die verse geskrywe is” (Steyn, 1998:355). Dit herinner aan TS Eliot se stelling: “No art is more stubbornly national than poetry.” (Aangehaal deur Steyn, 1998:337.)[5]

## 5.6 Van Wyk Louw se uitspraak ná die inhegtenisname van Chris Neethling

Chris Neethling het sy geloof in “die eie saak” (sien die gesprek met die jong Cas Bakkes soos aangehaal in 4.2 hierbo) enduit behou, al het dit hom aanvanklik sy loopbaan en later sy huwelik gekos. Dit is miskien in die lig van dié standvastigheid van sy swaer dat Van Van Wyk Louw in Maart 1942 soos volg aan sy broer skryf (aangehaal in Steyn, 1998:347):

> Ek het altyd gevoel dat hy volkome eerlik en onbaatsugtig is en dat hy meer van die ou egte Afr. — die Chr. De Wet-tipe — in hom het as ons ander. Hy kan miskien verkeerd oordeel en handel, maar daar is vir my iets groots en kragtigs in die man se persoonlikheid wat altyd ’n geweldige invloed op my uitoefen. Ken jy daardie gedig van Yeats, Easter 1916[6]: “I have met them at close of day/ coming with vivid faces/ from counter or desk among grey/ eighteenth-century houses./ I have passed with a nod of the head/ or polite meaningless words …” En dan die verskriklike: “All changed, changed utterly:/ A terribly beauty is born…” Die verhouding van Chris-hulle tot ons soort is baie dié van daardie mense teenoor Yeats, is dit nie? En selfs dié beeld-van-die-selfsug van ’n Yeats moes die grootsheid van die ander soort erken.

Daar is ’n paar pertinente afleidings wat gemaak kan word uit Van Wyk Louw se formulering in bostaande uittreksel. Hy stel Neethling-hulle direk teenoor “ons soort” en verwys — na aanleiding van Yeats se gedig oor die rebelle tydens die 1916-Paasopstand in Ierland — na die ekstremiste as “die ander soort”. Hy stel dit ook onomwonde dat, volgens hom, Neethling en sy makkers soms “verkeerd oordeel en handel”. Die distansiëring van veral die Stormjaerideale is — soos ook uit die voorafgaande bespreking geblyk het — onteenseglik daar.

Andersyds voel Van Wyk Louw egter, soos Yeats in sy gedig oor die opstandelinge, dat hy nie anders kan nie as om die grootsheid en onselfsugtigheid van die ander te moet erken. ’n Mens sou selfs kon beweer dat Chris Neethling se

rol in Van Wyk Louw se eie lewe ook tot ’n mate miteskeppend gewerk het, omdat die digter, hoewel hy nie met die ekstremiste saamstem nie, tog die “grootsheid” van hulle onbaatsugtige optrede raaksien en in sy eie woorde bely dat daar “iets groots en kragtigs in die man se persoonlikheid [is] wat altyd ’n geweldige invloed op [my] uitoefen” (Steyn, 1998:347).

## 5.7 Slotopmerkings

Dit wil voorkom asof onder meer miteskepping in Van Wyk Louw en Chris Neethling se jeugjare, asook hulle verdere ontwikkeling as mense, gelei het tot ’n verskil in mening oor dit wat van ’n nasionale Afrikaner ‘verwag’ kon word. Ten spyte van dié verskille is hulle egter albei myns insiens voorbeelde van mense in wie se lewens Afrikanernasionalisme, maar ook Afrikanerintellektualisme, ‘lewende mites’ was. Hierdie afleiding word gemaak omdat dit uit die voorafgaande bespreking blyk dat hulle albei “verknog” was aan die Afrikanervolk en nie net dié volk se fisiese voortbestaan nie, maar ook sy geestelike en kulturele behoud baie sterk op die hart gedra het.

’n Verdere afleiding is dat, hoewel Van Wyk Louw volgens die getuienis in die voorafgaande bespreking nie die meer ekstreme Afrikaner-nasionalistiese mobilisering tydens die oorlogjare voorgestaan het nie, hy uiteindelik tog respek vir die “ander standpunt” gehad het, en terselfdertyd baie groot waardering vir Chris Neethling as mens.

’n Mens sou uiteindelik kon beweer dat die digter binne die bepaalde kultuurgroep en tydskonteks die stem van die meer “gematigde” Afrikanernasionaliste verteenwoordig, terwyl Chris Neethling, na wie Van Wyk Louw juis as die “Christiaan de Wet-tipe” verwys, dit nodig geag het om ook sy lewe op die spel te plaas “vir vryheid en vir reg”.

Universiteit van Pretoria

# AANTEKENINGE

1. In hierdie artikel word die rigiede skeidslyn tussen die “private” en die “openbare” ook in ’n mate ‘oortree’. Dr. J.C. Neethling was die artikelskrywer se vader.
2. Hieruit kan myns insiens afgelei word dat miteskepping dikwels deur visuele tekens en simbole ondersteun word.
3. Aanhaling uit hierdie bron met die toestemming van dr. Bakkes.
4. Hierdie frase sou verband kon hou met die kwessie van miteskepping as die persoonlike “konstruksie van die waarheid”.
5. Alhoewel hiervoor geen dokumentêre bewyse bestaan nie, kan daar getuig word van die feit dat Chris Neethling elke digbundel van N.P. van Wyk Louw op sy boekrak gehad het.

6. Die agtergrond van die Ierse Paasopstand is die belofte deur Brittanje aan Ierland dat sogenaamde "home rule" (selfregering) toegestaan sal word (soos aan Transvaal in 1906 en die OVS in 1907). Dit sou teen 1916 al gebeur het, maar toe die Eerste Wêreldoorlog uitbreek, het Brittanje dit op die lange baan geskuif omdat hulle gesê het dat die nasionale krisis en bedreiging nou prioriteit moet geniet. In 1916 het die Iere in die Katolieke suide van die land (Dublin en omgewing) in opstand gekom teen die Britse owerheid en nie alleen selfregering geëis nie, maar onafhanklikheid van Brittanje. Die mense hier was hoofsaaklik landbouers. In die hoofsaaklik Protestantse noorde van die land (Belfast) is nie hiermee akkoord gegaan nie, aangesien daar gevrees is dat 'n minderheidsgroep sy regte sou verloor (binne 'n Ierse staat wat gedomineer word deur 'n Katolieke meerderheid). Die noorde was ook die nywerheidsdeel en was bang dat dié ekonomie ondergeskik gemaak wou word aan die landboubedryf van die suide. Daar was dus ook ekonomiese belange op die spel. Die Paasopstand, met leiers soos John McBride, was 'n gewapende stryd, wat ook met wapens onderdruk is en waarna die leiers van die opstand summier tereggestel is. John McBride het in die Anglo-Boereoorlog aan Boerekant geveg. (Persoonlike mededelings rondom die Ierse Paasopstand, 2007.)

## VERWYSINGS


ANDERSON, B.R. O'G.

1991. *Imagined communities: reflections on the origin & spread of nationalism.* New York: Verso.

BOUWER, A., ROTHMANN, A. & VAN REENEN, R. (samestellers).

1977. *'n Kosbare erfenis*. Kaapstad: Tafelberg.

CALHOUN, C. (red.).

1994. *Social theory and the politics of identity.* Oxford: Blackwell.

FLOWERS, B.S. (red.).

1988. *Joseph Campbell: The Power of myth (with Bill Moyers)*. New York: Doubleday.

HAT (VERKLARENDE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL).

1994. Johannesburg: Perskor.

JORDAAN, A.M.

2005. (Afrikaner-)mites, outobiografie en biografie. *Stilet* XVII:3, September 2005:47-65.

KANNEMEYER, J.C. (red.).

1980. *Tussengebied*. Johannesburg: Perskor.

2004. *Ek ken jou goed genoeg… Die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw 1936 — 1939*. Pretoria: Protea.

LEROUX, E.

1960. Die mens en veral die skrywer op soek na 'n lewende mite. In Kannemeyer 1980. Johannesburg: Perskor: XX-XX.

M.E.R.

1972. *My beskeie deel: 'n outobiografiese vertelling*. Kaapstad: Tafelberg.

Samuel, R & P. Thompson (reds.).

1990. *The myths we live by.* Londen: Routledge.

Steyn, J.C.

1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad: Tafelberg.

1998. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal.* Deel I. Kaapstad: Tafelberg.

1999. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal*. Deel II. Kaapstad: Tafelberg.

2004. *Die honderd jaar van M.E.R.* Kaapstad: Tafelberg

Van Rooy, D.J.

1953. Die Ossewabrandwag en die oorlog. In: *Agter tralies en doringdraad* (verskeie medewerkers). 1953. Stellenbosch: Die Bond van Oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes (Die B.O.P.G.).

## ONGEPUBLISEERDE BRONNE

Bakkes, C.M.

1987. *Penkopjoernaal, Deel 1 & Deel 2.* (Oorgetik uit die oorspronklike dagboeke, geredigeer en geannoteer deur dr. Bakkes).

2001. Die werkwyse van die O.B. tydens die oorlogjare. Ongepubliseerde referaat.

Neethling, J.C.

1928. Briewe aan sy moeder in die vorm van 'n handgeskrewe dagboek.